



Basiese kampeerfoute om te vermy

—deur Lourieke Haller

Wanneer jy gaan kamp met die gedagte om te gaan rus, is stres en 'n omgekrapte gesin die laaste ding wat jy wil hê. Vermy die volgende basiese foute en verseker dat almal die wegbreek geniet.

1 Moenie aanneem alles werk nog nie – toets alle toerusting vooraf

Ja, jy voel dit is nie nodig nie en dit mors tyd, maar wanneer daar skielik nie genoeg tentpenne is nie, of die matras lek, is dit te laat om spyt te wees. Slaan jou tent tuis op voor die kampnaweek en maak seker alles is heel en gereed vir die kamp. Blaas al die matrasse op en maak seker hulle blaas nie af nie, maak seker die slaapsakke se ritse is heel en maak seker die gasbottel is vol. Toets veral alle nuwe toerusting. O ja! Moenie vergeet om seker te maak die batterye vir die flitse en kopligte is nie pap nie en pak die hamer in.

2 Moenie in die donker by die kampterrein opdaag nie

Ek kan uit eie ervaring getuig, om 'n tent in die donker op te slaan, is 'n nagmerrie. Die gesoek na 'n plek wat gelyk is, die gespartel om in die kolletjie lig van die flits uit te maak wat waar is en mekaar nie in die proses met kopliggies te verblind nie, is genoeg om enige bonhomie te laat verdamp en gemoedere op te jaag. Jy kan ook nie mooi sien hoe dit lyk waar julle die tent

opslaan nie – gewoonlik kies 'n mens die ergste plek en moet dan die volgende dag skuif. Om te sien waar jou tent geleë is ten opsigte van die badkamers en ontspanningsgeriewe soos 'n parkie of swembad wat tot meer verkeer verby julle tent kan lei, is ook baie makliker in die dag as in die donker.

3 Moenie die gasbottel en skottelbraai vergeet nie

Watter Suid-Afrikaner hou nou nie van 'n vuurtjie en braaivleis nie, maar om elke keer 'n vuur aan te steek as jy water wil kook vir koffie of vinnig iets vir die kinders wil warm maak, is nie

Moenie aanneem alles werk nog nie, toets alle toerusting vooraf.

prakties nie. Maak ook vooraf seker dat jy wel 'n vuur mag aansteek en braai waar julle gaan kamp. Met droogtes en brandgevaar, word vuurmaak soms verbied. Pak altyd jou getroue gasbottel en skottel in. En moet om liefdeswil nie die vuurhoutjies of aanstecker vergeet nie!

4 Moenie slaaptid 'n oorlewingsstryd maak nie

Onthou, as jy gaan kamp, is dit nie 'n oor-

lewingskursus nie. Sorg dat jy gemaklik en warm kan slaap. Neem iets saam om tussen die grond en die lugmatrasse te sit – selfs koerantpapier kan werk as isolasie teen die koue grond. En dit hoef nie net slaapsakke te wees nie, duvets is heerlik en ek het vriende wat sommer die elektriese kombens ook inpak en inprop as daar elektrisiteit by die staanplek is. Oorpluisies en oogmaskers is ook 'n goeie idee. O ja, moenie die pomp vergeet om die matrasse mee op te blaas nie!

5 Moenie te min ligte saambring nie

Sonkraglanterns is 'n goeie idee as julle nie saam met die hoenders wil gaan slaap nie. Kopliggies is 'n móét omdat jou hande dan vry is. Onthou die ekstra batterye.

6 Moenie vuil voete in die tent toelaat nie

En laastens, maar geensins die minste nie, alle skoene moet uitgetrek word voor iemand 'n voet in die tent sit. Dit klink drakonies, maar modderige of sanderige skoene kan julle slaapplek spoedig in 'n vuil en onaangename plek verander. Daar is niks so erg as sand in jou slaapsak nie. Met sand en modder buite die tent, sal jy ook nie die heeltid hoef te vee en skoon te maak nie. ■

Voorspoedige Nuwejaar van die Bush Lapa-span

Laat Bush Lapa jou uit die veld slaan. Dit is die vernuftige veldkaravaan vir die avonturier wat nie op uitgetrapte paadjies reis nie, maar steeds van moeitevrye gerief hou.

experience
His beauty

LIG • MAKLIK OM OP TE SLAAN
• TAAI • ROESWEREND
• DUURSAAM • PRAKTIES

Loer gerus op ons webtuiste vir 'n handelaar in jou omgewing
www.bushlapa.com

Bush Lapa[®]
offroad caravans

www.bushlapa.com